

Sondag, 28 Junie 2020
Fokusteks: Matteus 10:40-42

Bill Lacovara was besig om te hengel naby Atlantic City in die VSA, toe hy 'n plastieksak sien dryf in die water. Binne-in die sak was daar omtrent 300 gebedsversoeke wat aan 'n plaaslike predikant gepos was. Die meeste van die briewe was nie oopgemaak nie. By verdere navraag word daar verneem dat die predikant reeds twee jaar vantevore oorlede is. Daar is vermoed dat die sak met briewe iewers in die see beland het toe die predikant se woonplek ontruim is en die sak met briewe weggegooi is.

Die briewe het uiteenlopende gebedsversoeke verteenwoordig. Een man het vir voorbidding gevra sodat hy die staatslotery kon wen – twee keer. Eers wil hy sowat 50,000 dollar wen om aan die gang te kom, en dan wil hy nog 'n keer sommer baie groot wen sodat hy 'n miljoenêr kan wees!

Daar was ook baie ander gebedsversoeke van 'n meer ernstige aard. Dit het gewissel van bekommernis oor huweliksmaats en kinders. Daar was weduwees wat weerloos gelaat is – almal mense wat behoefte gehad het aan God se hulp. Sommige was gebede vir familieleden of kinders wat aan dwelms verslaaf was, gedobbel het, of in buite-egtelike verhoudings betrokke was. Een man het uit die tronk geskryf en gesê dat hy onskuldig was en begeer het om terug te wees by sy familie. 'n Tiener het gesmeek om God se vergifnis en 'n tweede kans. Sy het 'n aborsie gehad, en vertel hoe daar nie een dag verbygaan sonder dat sy dink of sy nie 'n verskriklike fout gemaak het nie.

Bill Lacovara het gesê dat die briewe in die plastieksak hom aan baie mense se lewens laat dink het. Daar is duisende mense wie se lewens 'n worsteling is. Hulle is mense wat, net soos die sak briewe, uitgespoel het op die strand, en hoop op die aanraking van God. Daar is baie mense wat nodig het dat iemand van God in hulle lewens kom. Iemand wat God se liefde, wysheid en leiding vir hulle 'n werklikheid kan maak.

Dit is presies waaroor die hele Mat.10 gaan. Die dissipels word uitgestuur om Jesus by mense te gaan verteenwoordig. Kyk weer na 10:1 en lees dit saam met v.40

1) Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om bese geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

40) Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

Hier sien ons 'n mooi lyn wat van die Vader loop: God die Vader stuur sy Seun as hemelse BoodsAPPER na die aarde om tussen mense te gaan woon. Die Seun stuur sy dissipels na die mense om God as't ware na hulle te neem. 'n Dissipel van Jesus verteenwoordig ook nooit homself nie, maar altyd vir God. Daarom tree die dissipels op met die gesag wat hulle van God ontvang. Die besondere bedieningswerk van die dissipels waarvan ons in vers 1 lees is slegs moontlik omdat dit deur die gesag en Naam van Jesus plaasvind.

Verder verstaan die dissipels presies wat Jesus vir hulle in v.40 sê. Hulle gaan as draers van Jesus se vrede na ander. Wie dié gestuurde dissipels ontvang, ontvang Jesus. En wie Jesus ontvang, ontvang die Vader. Dit is 'n bekende beginsel van daardie tyd. Wanneer 'n Jood byvoorbeeld 'n boodskapper in sy huis ontvang wat namens iemand anders opdaag, is dit so goed asof hy die een wat hom gestuur het self ontvang. As hy die boodskapper met liefde en gasvryheid behandel, beteken dit dat hy die persoon wat die boodskapper gestuur het, ook so behandel. Wanneer jy 'n lid van 'n ander familie ontvang, ontvang jy ook sy hele familie, want hy verteenwoordig sy familie. As die koning se ambassadeur by jou opdaag en jy behandel hom met respek en eerbied, is dit so goed asof jy die koning self met respek en eerbied behandel. Die Jode het geweet dat as jy eer bewys aan die een wat gestuur is, bewys jy ook eer aan die een wat hom na jou gestuur het.

So sal dit met die dissipels van die Here gaan. Hulle is slegs die boodskappers, maar as hulle, en hul boodskap deur ander mense ontvang en aanvaar word, beteken dit dat hulle Jesus ontvang en aanvaar het. Dit laat 'n mens diep dink oor watter soort boodskapper jy vir die Here is, en veral ook hoe 'n mens iemand anders in jou lewe ontvang. Soms stuur die Here ander mense, selfs vreemdelinge, oor jou pad. My keuse om daardie persone te ontvang kan dalk bepaal of die Here in my lewe aankom, of nie. Daar is twee pragtige voorbeelde uit die Bybel wat dit illustreer.

Die eerste voorbeeld is Gen.18:1-19 - Dit is op die warmste tyd van die dag. Abraham sit in die opening van die tentdeur en sien skielik drie mans naby hom staan. Hy het gedink dit was drie menslike besoekers, maar eintlik was dit God wat by hom opgedaag het. Abraham doen wat van 'n goeie mens in die Antieke wêreld verwag is - hy ontvang hulle met die tipiese gasvryheidreëls van daardie tyd. Hy draf nader, buig voor hulle, gee hulle water, sorg dat hulle voete gewas word, en bied vir hulle skaduwee aan waar hulle kon rus. Daarna vra hy sy vrou, Sara, om 'n maaltyd vir hulle voor te berei.

Terwyl hulle eet, vra die besoekers uit oor Abraham se vrou. Een van hulle gee toe 'n belofte dat Sara, wat al baie oud en boonop onvrugbaar was, 'n jaar later 'n seun sal hê. Dit is baie interessant dat die gesprek skielik omswaai van die drie besoekers wat praat, na God wat praat - *"Toe sê die Here..."* (Gen. 18:13). Was die drie besoekers mense of was hulle engele? Dit word nie vir ons gesê nie, maar dit is ook nie belangrik om dit te weet nie. Wat wel belangrik is, is dat Abraham en Sara gedink het dis mense. In hierdie drie mense het Abraham en Sara God ontvang. Hulle het nie net God ontvang nie, maar ook sy belofte van 'n seun, sodat die belofte van 'n groot nasie vir Abraham in vervulling sou gaan.

'n Tweede voorbeeld is die Emmausgangers (Luk.24) wat met mekaar praat oor al die dinge wat in die afgelope dae gebeur het, met verwysing na die kruisiging en opstanding van Jesus. Hulle was bedruk en moedeloos en het met somber gesigte geloop. Jesus daag by hulle op, maar hulle het Hom nie herken nie. Hulle het gedink dis maar net 'n gewone mens wat ook op reis was na Emmaus. Jesus begin toe die Skrif aan hulle uitlê en net soos Abraham, nooi hulle die Besoeker in hulle huis in, en bedien 'n maaltyd. Op daardie moment neem Jesus oor en word self die Gasheer en breek die brood vir hulle. Toe eers herken hulle Jesus en is dadelik met groot blydschap vervul. Daarna kon hulle Jesus se opstanding aan ander mense bevestig en met groot opgewondenheid daaroor getuig. Deur 'n vreemdeling te ontvang, het God hulle op 'n besondere manier aangeraak.

Ons sien die aangesig van die Here in die mense wat ons ontvang. Ons neem deel aan die sending van God, aan die bedoelinge en beloftes van God, deur die gasvrye ontvangs van mense. Net soos Abraham en die Emmausgangers. Wie God se mense ontvang, ontvang Jesus, en wie Jesus ontvang, ontvang die Vader. Die gasvryheid waarmee jy iemand anders ontvang, is in die lig van ons fokusteks nie maar net goeie maniere nie. Dit is 'n geleentheid om deel te wees van God se koninkrykswerk. Dis 'n geleentheid om deel te wees van 'n geloofsfamilie. Daarom moet ons gemeentes en plekke van aanbidding ruimtes wees waarin mense kan tuis kom. Daar moet hulle God se liefdevolle genade ervaar. Dit moet ook 'n plek wees waar gelowiges mekaar kan aanvaar, selfs al is daar baie verskille. Die manier hoe ons mekaar ontvang, stuur 'n boodskap na die wêreld toe. Wat is daardie boodskap? Is dit een van onderlinge konflik of een van getuigenis oor die nuwe lewe in Christus? Christene word nie orals met ope arms verwelkom nie, maar ons kan soms 'n negatiewe beeld uitstraal wat ander mense van die Bybelse boodskap kan vervreem. Die bekende burgerregte-leier, Mahatma Gandhi, het op 'n vraag oor sy siening van die Christelike geloof gesê dat hy liever die voorbeeld van Christus sal navolg as dat hy die voorbeeld van Christene sal volg.

Die gesindheid van die kinders van die Here word in v.42 uitgespel:

Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sál sy beloning kry. Dit verseker Ek julle."

'n Beker koue water. Dit mag dalk vir ons nie so indrukwekkend op die ore klink nie. Dis tog maklik. Jy loop na die yskas en kry die houer met koue water. Maar dit was nie so eenvoudig in daardie tyd nie. Daar was nie yskaste om water koud te hou nie. As jy koel water soek moet jy dit uit 'n diep put gaan skep. Soms moet jy ver in die hitte en stof stap om by so 'n put uit te kom. Dit was moeite om iemand 'n beker koue water te gee. En dit behoort die gesindheid van die kind van die Here te wees. Christelike gasvryheid vra soms opoffering, maar ons doen dit vir die Here en nie vir onself nie. Daardeur getuig ons van die omgee-liefde van Christus.

Wat is die beloning waarvan Jesus in hierdie verse praat? Die beloning is God self. Die teenwoordigheid van die Almagtige God in jou lewe is die grootste beloning wat jy ooit kan ontvang. Dit is ook die grootste geskenk wat jy iemand anders kan gee, en dis die blye boodskap van Jesus se verlossing en vergifnis. Gaan dan heen, net soos die dissipels, en wees 'n instrument in die hand van die Here. Jy is 'n verteenwoordiger van Jesus. Dra sy Naam orals waar jy gaan. Iemand anders wat oor jou pad kom het Hom dalk baie nodig.

Gebed

Here, U het my by 'n feesmaal laat aansit
en soos 'n eregas ontvang.

Ek is oorlaai met hartlikheid, goedheid en liefde.

Help my om ander net so te ontvang soos wat U my ontvang het.

Amen